


Toerisme graad 10
Binnelandse toerisme
memorandum
Bl. 108-110



Binnelandse toerisme behels toeriste wat op daguitstappies gaan, vir kort tye weggaan of vakansie hou in hul eie land.

1. Benoem drie voorbeelde van binnelandse toerisme. (3)
 - 'n Paartjie gaan weg vir die naweek in hul eie land (tuisland)
 - Sokkerondersteuners reis na 'n ander provinsie om hul span te sien speel
 - 'n Gesin besoek familielede wat in 'n ander provinsie bly.

2. Wat is die vier faktore wat 'n negatiewe impak op binnelandse toerisme het. (4)
 - **Werkloosheidsvlakke**
 - **Hoë rentekoerse of inflasiekoerse**
 - **Hoeveelheid sakgels**
 - **Die gebrek aan 'n toerismekultuur**

3. Benoem en verduidelik die drie voordele wat binnelandse toerisme vir Suid-Afrika bied. (6)

Ekonomie:

- Wanneer mense in 'n land reis, gee hulle geld uit in plaaslike gebiede en dra so by tot die ekonomiese ontwikkeling van daardie plekke.
- Infrastruktuur, dienste en geriewe kan in stand gehou en verbeter word met die geld wat toeriste uitgee.

Mense:

- Toerisme is 'n arbeidsintensiewe sektor in die ekonomie en het 'n groot verskeidenheid vaardighede nodig.
- Die toerismesektor kan werk skep vir baie mense.
- Die ontwikkeling van toerisme skep werk in die toerismebedryf (soos reisgidse, kaartjieverkoop-personeel en sekuriteitspersoneel) en in ander gebiede (soos mense wat webwerwe ontwikkel en restaurantpersoneel).

Omgewing

- Binnelandse toerisme skep 'n bewustheid van die natuurlike en kultureleomgewing.
- Mense wat in die land reis, besef hoeveel ons land het om te bied.
- Dit help om mense bewus te maak van hoe belangrik dit is om die land se omgewing te bewaar vir die huidige 'n toekomstige geslag.

Kyk na die prent hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



4. Wat is die definisie van 'n veldtog? (2)
- Dit is 'n beplande program d.m.v. advertensies wat op 'n speifieke mark gemik is om verkope te bevorder of 'n bewussyn te skep van 'n produk of diens.

5. Benoem ses maniere hoe binnelandse toerisme kan groei. (6)
- **Toerisme na alle dele in Suid-Afrik aan te moedig**
 - **Toerisme te bemark aan die bevolking**
 - **Mense aan te moedig om op groeipreise of vir kort tye weg te gaan**
 - **Beter en aanlokliker advertensies te gebruik**
 - **Toeriste aan te moedig om langer by 'n bestemming te bly**
 - **'n Vakansiereiskultuur te ontwikkel**
 - **Meer aktiwiteite by bestemming aan te bied wat toeriste kan lok**
 - **Mense aan te moedig om die hele jaar lank te reis deur afslag en goedkoper buiteseisoen-pryse aan te bied**
 - **Attraksies wat minder bekend is, te bemark**
 - **(Enige 6)**
6. Wat beteken die term "Sho't Left" en hoe het dit bestaan? (3)
- **Dit beteken, ek wil net om die draai afklim. Nou beteken dit 'n kort reis of 'n vinnige wegkomkans.**
 - **Dit het ontstaan as Suid-Afrikaanse taxitaal. 'n Pendelaar wat vervoer wil hê na 'n bestemming wat naby is.**
7. Wanneer het die Sho't left veldtog die eerste keer begin? (1)
- **In 2004**
8. Wat doen die Sho't left entrepreneursprogram? (2)
- **Hierdie program bied aan voorheen benadeelde Suid-Afrikaners die geleentheid om opgelei te word as reisagente.**
 - **Hierdie "entrepreneurs-kadette" word opgelei om binnelandse vakansiepakkette aan mede-Suid-Afrikaners te verkoop.**
9. Waarvoor staan die akroniem VSARA? (2)
- **Vereniging van Suid-Afrikaanse Reisagente**
10. Hoe help die Sho't left webwerf Suid-Afrikaners? (3)
- **Suid-Afrikaners om plaaslike vakansies te beplan.**
 - **alles lees oor die vakansiepakkette wat Sho't Left bied.**
 - **Reisagente kan hul vakansies direk op die webwerf bespreek.**

Totaal:[32]